# GEOUDITEERDE FINANSIËLE RESULTATE - Vir die jaar geëindig 31 Maart 2011

**HOOGTEPUNTE**
- Wins vir die jaar styg met 678% tot R451 miljoen
- Bedryfswinsmarge verbeter vanaf 3.2% tot 7.3%
- Laer finansieringskoste
- Suksesvolle afhandeling van die R1 miljard Regte-uitgif
- Skuld:ekwiteitsverhouding verbeter tot 10%

**SLEUTELDRYWERS**
- Sterk vraag na mynbou- en landboukommoditeite
- Sterk rand
- Lae aktiwiteitsvlakke in SA Vervaardigingsektor

OMNIA

**OMNIA HOLDINGS BEPERK (in die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer),** Registrasienommer 1967/003680/06, JSE-kode OMN ISIN ZAE000005153
("Omnia" of "die Groep")

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2011**

| Rm | Geouditeer 2011 | % | Geouditeer 2010 |
|---|---|---|---|
| **Herhalende besighede** | | | |
| **Inkomste** | **9 368** | 6 | 8 827 |
| Koste van verkope | **(7 403)** | - | (7 438) |
| **Bruto wins** | **1 965** | 41 | 1 389 |
| Ander bedryfsinkomste | **85** | 10 | 77 |
| Administrasiekoste | **(532)** | 3 | (517) |
| Verspreidingskoste | **(790)** | 15 | (688) |
| Ander bedryfsuitgawes | **(41)** | | 18 |
| **Bedryfswins** | **687** | 146 | 279 |
| Finansieringskoste | **(122)** | (44) | (217) |
| Finansieringsinkomste | **39** | (11) | 44 |
| Aandeel in die (verlies)/wins van geassosieerdes | **(2)** | | 3 |
| **Wins voor belasting** | **602** | 452 | 109 |
| Belasting | **(151)** | | (51) |
| **Wins vir die jaar** | **451** | 678 | 58 |
| **Toeskryfbaar aan:** | | | |
| Eienaars van Omnia Holdings Beperk | **448** | | 56 |
| Nie-beherende belang | **3** | | 2 |
| | **451** | | 58 |
| Basiese verdienste per aandeel (sent) | **768.2** | 560 | 116.4 |
| Verwaterde verdienste per aandeel (sent) | **766.8** | 560 | 116.1 |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2011**

| Rm | Geouditeer 2011 | Geouditeer 2010 |
|---|---|---|
| **Wins vir die jaar** | **451** | 58 |
| **Ander omvattende inkomste na belasting** | | |
| Beweging in valuta-omrekeningsreserwe | **(67)** | (228) |
| Beweging in kontantvloeiverskansing | **9** | (8) |
| **Totale omvattende inkomste/(verlies) vir die jaar** | **393** | (178) |
| **toeskryfbaar aan:** | | |
| Eienaars van Omnia Holdings Beperk | **390** | (180) |
| Nie-beherende belang | **3** | 2 |
| | **393** | (178) |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT
**soos op 31 Maart 2011**

| Rm | Geouditeer 2011 | % | Geouditeer 2010 |
|---|---|---|---|
| **Bates** | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | **2 561** | 32 | 1 944 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **1 938** | 50 | 1 295 |
| Ontasbare bates | **523** | (3) | 537 |
| Finansiële bates beskikbaar vir verkoop | **16** | (16) | 19 |
| Beleggings in geassosieerde maatskappye | **78** | (7) | 84 |
| Uitgestelde belasting | **6** | (33) | 9 |
| **Bedryfsbates** | **3 743** | 15 | 3 243 |
| Voorraaad | **1 488** | 13 | 1 315 |
| Handels- en ander debiteure | **1 722** | 26 | 1 365 |
| Kontant en kontantekwivalente | **533** | (5) | 563 |
| **Totale bates** | **6 304** | | 5 187 |
| **Ekwiteit** | | | |
| **Ekwiteit toeskryfbaar aan eienaars van Omnia Holdings Bpk** | **3 338** | 69 | 1 973 |
| Verklaarde kapitaal | **1 289** | | 318 |
| Tesourie-aandele | **(19)** | | (8) |
| Ander reserwes | **11** | | 54 |
| Behoue verdienste | **2 057** | | 1 609 |
| Nie-beherende belang in ekwiteit | **1** | | (2) |
| **Totale ekwiteit** | **3 339** | 69 | 1 971 |
| **Laste** | | | |
| **Nie-bedryfslaste** | **411** | (54) | 884 |
| Uitgestelde belasting | **130** | 63 | 80 |
| Skuld | **281** | | 804 |
| **Bedryfslaste** | **2 554** | 9 | 2 332 |
| Handels- en ander krediteure | **1 953** | (10) | 2 167 |
| Skuld | **523** | 384 | 108 |
| Belasting betaalbaar | **7** | | 2 |
| Bankoortrekkings | **71** | 29 | 55 |
| **Totale laste** | **2 965** | | 3 216 |
| **Totale ekwiteit en laste** | **6 304** | | 5 187 |
| Netto skuld | **342** | | 404 |
| Netto batewaarde per aandeel (Rand) | **50.35** | | 42.40 |
| **Kapitaalbesteding** | | | |
| Depresiasie | **127** | | 119 |
| Amortisasie | **28** | | 23 |
| Aangegaan | **801** | | 385 |
| Goedgekeur en gekontrakteer | **322** | | 9 |
| Goedgekeur maar nie gekontrakteer | **604** | | 420 |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2011**

| Rm | Geouditeer 2011 | Geouditeer 2010 |
|---|---|---|
| Bedryfswins | **687** | 279 |
| Depresiasie en amortisasie | **155** | 142 |
| Aanpassing vir nie-kontant items | **(22)** | 103 |
| **Kontant uit bedrywighede gegenereer** | **820** | 524 |
| (Aangewend tot)/gegenereer deur bedryfskapitaal | **(755)** | 805 |
| Rente betaal | **(119)** | (217) |
| Rente ontvang | **39** | 44 |
| Belasting betaal | **(94)** | (111) |
| **(Aangewend tot)/gegenereer deur bedryfsaktiwiteite** | **(109)** | 1 045 |
| Dividende betaal | **-** | (40) |
| **Netto kontant(uitvloei)/-invloei uit bedryfsaktiwiteite** | **(109)** | 1 005 |
| Kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite | **(783)** | (466) |
| Kontantinvloei uit finansieringskatiwiteite | **852** | 180 |
| **Netto (afname)/toename in kontant** | **(40)** | 719 |
| Netto kontant(oortrekking) aan begin van jaar | **508** | (214) |
| Uitwerking van wisselkoersbewegings | **(6)** | 3 |
| **Netto kontant aan einde van jaar** | **462** | 508 |

## SEGMENTONTLEDING
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2011**

| Rm | Geouditeer 2011 | % | Geouditeer 2010 |
|---|---|---|---|
| **Inkomste, netto van intersegment verkope** | **9 368** | 6 | 8 827 |
| Chemikalieë | **3 596** | (3) | 3 714 |
| Mynbou | **2 092** | 18 | 1 776 |
| Landbou | **3 680** | 10 | 3 337 |
| **Bedryfswins** | **687** | 146 | 279 |
| Chemikalieë | **64** | (58) | 152 |
| Mynbou | **311** | 47 | 212 |
| Landbou | **312** | | (85) |

Segment inkomste vir 2010 is hersaamgestel omdat R371 miljoen se inkomste toeskryfbaar aan die Chemikalie-afdeling voorheen verkeerdelik geklassifeer is as Landbou inkomste.

## GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN AANDEELHOUERSEKWITEIT

| Rm | Eienaars van Omnia Holdings Beperk: Verklaarde kapitaal | Tesourie aandele | Ander reserwe | Behoue verdienste | Nie-beherende belang | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Op 31 Maart 2009** | 201 | (11) | 286 | 1 663 | (2) | **2 137** |
| Erkende inkomste en uitgawes | | | | | | |
| Wins vir die jaar geëindig 31 Maart 2010 | | | | 56 | 2 | **58** |
| Valuta-omrekeningsreserwe | | | (8) | | | **(8)** |
| Kontantvloeiverskansing | | | (228) | | | **(228)** |
| Gewone dividende betaal en kapitalisasie-uitgif | 26 | | | (66) | | **(40)** |
| Transaksies met aandeelhouers | | | | | | |
| Tesourie-aandele verkoop | | 3 | | | | **3** |
| Aandeelgebaseerde vergoeding - waarde van dienste gelewer | | | 49 | | | **49** |
| Aandeelgebaseerde vergoeding - gewone aandele uitgereik | 91 | | (45) | (44) | (2) | **-** |
| **Op 31 Maart 2010** | 318 | (8) | 54 | 1 609 | (2) | **1 971** |
| Erkende inkomste en uitgawes | | | | | | |
| Wins vir die jaar geëindig 31 Maart 2011 | | | | 448 | 3 | **451** |
| Valuta-omrekeningsreserwe | | | (67) | | | **(67)** |
| Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe | | | 15 | | | **15** |
| Kontantvloeiverskansing | | | 9 | | | **9** |
| Transaksies met aandeelhouers | | | | | | |
| Gewone aandele uitgereik | 971 | | | | | **971** |
| Tesoure-aandele gekoop | | (12) | | | | **(12)** |
| Tesourie-aandele verkoop | | 1 | | | | **1** |
| **Op 31 Maart 2011** | 1 289 | (19) | 11 | 2 057 | 1 | **3 339** |

## ANDER RESERWES
**soos op 31 Maart 2011**

| Rm | Geouditeer 2011 | Geouditeer 2010 |
|---|---|---|
| **Reserwes bestaan uit:** | | |
| Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe | **96** | 81 |
| Valuta-omrekeningsreserwe | **(89)** | (22) |
| Kontantvloeiverskansing | **1** | (8) |
| Netto diskonto voortspruitend uit verkryging van aandele van filiale | **3** | 3 |
| | **11** | 54 |

## REKONSILIASIE VAN WESENSVERDIENSTE
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2011**

| Rm | Geouditeer 2011 | Geouditeer 2010 |
|---|---|---|
| Wins vir die jaar toeskryfbaar aan eienaars van Omnia Holdings Beperk | **448** | 56 |
| Aangepas vir (wins)/verlies met vervreemding van vaste bates | **(4)** | 1 |
| Aangepas vir wins met besighede bygedra aan geassosieerde | **-** | (20) |
| Aangepas vir waardedaling van ontasbare bates | **3** | - |
| **Wesensverdienste** | **447** | 37 |

**Wesensverdienste**
Wesensverdienste beloop 766.5 sent per aandeel (2010: 76.9 sent per aandeel)
Verwaterde wesensverdienste beloop 765.1 sent per aandeel (2010: 76.7 sent per aandeel)

## BYKOMENDE INLIGTING

| | Geouditeer 2011 | Geouditeer 2010 |
|---|---|---|
| Finale dividend per aandeel (sent) betaal ten opsigte van die vorige jaar | **-** | 150 |
| Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele ('000) | **58 316** | 48 107 |
| Geweegde gemiddelde aantal verwaterde uitgereikte aandele ('000) | **58 427** | 48 236 |
| Aantal aandele uitgereik ('000) | **66 307** | 46 491 |

### AANTEKENINGE

**Rekeningkundige beleid**
Die verkorte gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2011 is voorberei ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS), IAS 34 - Tussentydse Finansiële Verslagdoening, die AC500 standaarde soos uitgereik deur die Rekeningkundige Praktyke Raad en voldoen aan die Noteringsvereistes van die JSE Beperk. Die verkorte gekonsolideerde finansiële state sluit nie al die inligting in soos vereis deur IRFS vir volledige finansiële jaarstate nie.

Gedurende die jaar het die maatskappy aandele uitgereik deur middel van 'n afwysbare regte-uitfgif. In ooreestemming met IAS 33 is die vorige tydperk se basiese, wesensverdienste en verwaterde verdienste per aandeel hersaamgestel om die bonus element van die regte-uitgif in ag te neem.

Die hoofbeleid wat gebruik is in die opstel van die resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2011 is konsekwent met dit wat toegepas is vir die jaar geëindig 31 Maart 2010, behalwe vir die aanvaarding van IFRS 3 (hersien) en IAS 27 (hersien) wat geen uitwerking op die resultate het nie, aangesien daar geen besigheidskombinasies in die huidge periode was nie en ook nie transaksies met nie-beherende belange nie.

**Verbintenisse**
Die toekomstige minimum huurbetalings ingevolge nie-kanselleerbare bedryfshuurkontrakte beloop R18 miljoen (2010: R20 miljoen) binne een jaar en R43 miljoen (2010: R79 miljoen) tussen twee en vyf jaar en R0 miljoen (2010: R9 miljoen) later as vyf jaar, wat altesaam R61 miljoen (2010: R108 miljoen) beloop.

**Klandisiewaarde**
'n Jaarlikse waardedalingstoets is op 30 September 2010 op die saldo van klandisiewaarde uitgevoer. Geen waardedalingsverlies het plaasgevind nie.

**Ouditmening**
Die Groep se ouditeure, PricewaterhouseCoopers Ing., het hulle mening oor die Groep se finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2011 uitgereik. Die oudit is in ooreenstemming met Internasionale Ouditstandaarde uitgevoer. Hulle het 'n ongewysigde ouditmening uitgereik. Hierdie verkorte finansiële state is afgelei van die Groep se finansiële state en stem in alle wesenlike opsigte ooreen met die Groep se finansiële state. 'n Afskrif van hulle outditverslag is ter insae beskikbaar by die maatskappy se geregistreerde kantoor. Enige verwysing na toekomstige finansiële prestasie wat ingesluit is in hierdie aankondiging is nie hersien of oor verslag gedoen deur die ouditeure nie.

### KOMMENTAAR
**INLEIDING**
Omnia is 'n gediversifiseerde spesialisverskaffer van chemiese dienste met gebalanseerde belange in die chemikalie-, mynbou- en lanboumarkte. Die Groep is in wese 'n kennisbesigheid wat sy toonaangewende intellektuele kapitaal en tegnologie aanwend om hom te diversifiseer van ander kommoditeits-chemikalieëverskaffers.

Die Groep se sakesegmente (chemikalieë, mynbou en landbou) lewer steeds hoë waarde, pasgemaakte oplossings wat gebaseer is op 'n voortdurend groeiende kennisbasis. Omnia se unieke besigheidsmodel, wat daarop gerig is om buitengewone waarde vir sy kliënte en hulle besighede te skep deur sy vermoë om kliëntebehoeftes te identifiseer en met toepaslike innoverende produkte en dienste te bevredig, plaas hom op die voorpunt van die chemiese dienstebedryf.

Dit is met medelye dat ons verslag doen oor 'n tragiese voorval in ons Mynbou-afdeling, toe 'n ontploffing by die vervaardigingsaanleg die dood van drie werknemers veroorsaak het. Hierdie voorval is die eerste van sy soort in die 25 jaar van ons plofstof besigheid. Voor hierdie voorval, het die vervaardigingsaanleg sukesvol gefunksioneer sonder enige voorvalle sedert dit 15 jaar gelede in bedryf gestel is. Mag Jacob Thekiso, Dikgang Khasu en Zane (Arial) Phajane in vrede rus. Ons sal julle nie vergeet nie.

**MARKTOESTANDE**
Die makro-omgewing gedurende die afgelope jaar was meer stabiel en was besonder gunstig vir ons Mynbou-afdeling, geweldig moeilik vir ons Chemiekalie-afdeling en ietwat gunstig vir ons Landbou-afdeling. Aan die begin van die jaar het 'n geringe herstel in die wêreldwye ekonomiese aktiwiteite begin namate ekonomieë gereageer het op die aansienlike aansporingspakkette wat deur verskeie regerings geïmplementeer is. Dit het gelei tot stygings in mynbou- en landboukommoditeitspryse asook 'n hoër vraag na veral mynboukommoditeite. Die rand het steeds verder versterk teen die VS dollar, wat 'n negatiewe uitwerking op al ons afdelings se verkoopspryse en –marges gehad het. Die hewigste effek hiervan is gevoel is deur ons Chemikalie-afdeling, wat ook beïnvloed is deur die onderdrukte vraag van klante in die Suid-Afrikaanse vervaardigingsektor omdat hulle geworstel het om mee te ding met goedkoop invoere weens die sterk rand. Inflasie is goed onder beheer binne die Suid-Afrikaanse Reserwebank se teiken en rentekoerse is steeds teen historiese laagtepunte. Ten spyte van historiese lae rentekoerse, verkeer die ekonomiese aktwiteitsvlakke in die Suid-Afrikaanse vervaardigingsektor steeds onder druk, gedeeltelik weens die sterk rand teenoor die VS dollar.

**FINANSIËLE OORSIG**
Die Groep se inkomste het met 6% gestyg tot R9 368 miljoen (2010: R8 827 miljoen) op grond van volume-groei in die mynbou- en landbou-afdeling en die algemene kommoditeitsprysstygings, wat gedeeltelik geneutraliseer is deur die sterk rand. Geen inkomste uit koolstofkrediete is hierdie jaar gegenereer nie (2010:R50 miljoen) weens 'n vertraging in die sertifisering van koolstofkrediete wat wel gegenereer was.

Bruto wins het met 41% toegeneem tot R1 965 miljoen (2010: R1 389 miljoen) en die marge het gestyg tot 21% (2010: 15.7%) weens hoër bruto marges in die Mynbou-afdeling en die vermyding van 'n herhaling van die vorige jaar se abnormale R350 miljoen afskrywing van voorraad in die Landbou-afdeling. Indien die vorige jaar se bruto wins aangepas word vir die R350 miljoen abnormale afskrywing van voorraad, is hierdie jaar se brutowinsmarge van 21% 'n beduidende verbetering van 1.3% op die vorige jaar se aangepaste brutowinsmarge van 19.7%.

Ingesluit by ander bedryfsinkomste van R85 miljoen (2010: R77 miljoen) is 'n versekeringseis ontvang van R44 miljoen (2010: R32 miljoen), terwyl ander bedryfsinkomste in die vorige jaar 'n wins van R20 miljoen op die oordrag van besighede aan ons Nalco geassosieerde ingesluit het.

Administrasiekoste het met 3% toegeneem tot R532 miljoen. Ingesluit in administrasiekoste is aandeelgebaseerde vergoedingsuitgawes van R15 miljoen (2010: R42 miljoen) en 'n hoër vlak van voorsienings vir aansporingsbonusse. Wanneer hierdie faktore in ag geneem word, is administrasiekoste goed beheer. Verspreidingskoste het toegeneem met 15% tot R790 miljoen, hoofsaaklik as gevolg van hoër volumes in die Mynbou- en Landbou-afdelings. Ander uitgawes bestaan hoofsaaklik uit buitelandse valutaverskille - 'n verlies van R30 miljoen (2010: R44 miljoen wins) as gevolg van die volgehoue versterking van die rand.

Bedryfswins het met 146% toegeneem tot R687 miljoen (2010: R279 miljoen). Na aanpassing vir verlede jaar se abnormale afskrywing van voorraad ten bedrae van R350 miljoen het bydryfswins met 9.2% toegeneem tot R687 miljoen, teenoor 'n 6.1% toename in inkomste. Dit was te danke aan 'n aansienlike verbetering in die Mynbou-afdeling se bedryfsmarge namate die bedryfshefboom verbeter het, 'n klein verbetering in die Landbou-afdeling se bedryfsmarge tesame met hoër volumes en hoër kommodietiespryse, wat gedeeltelik geneutraliseer is deur die Chemikalie-afdeling se laer bedryfmarge weens 'n afname in bruto wins terwyl uitgawes soortgelyk was as dié van die vorige jaar. Hierdie jaar was daar geen bydrae tot bedryfwins uit die verkoop van koolstofkrediete nie, terwyl die verkoop van koolstofkrediete R43 miljoen tot verlede jaar se bedryfwins bygedra het.

Finansieringskoste van R122 miljoen bestaan uit rente betaal en buitelandse valuta wins of verlies voortspruitend uit die omskakeling van buitelandse banksaldo's. Finansieringskoste het van R217 miljoen afgeneem tot R122 miljoen as gevolg van 'n vermindering in skuld na die ontvangs van die netto opbrengs van R971 miljoen uit die regte-uitgif op 14 September 2010, algehele laer koste van skuld weens laer rentekoerse, 'n vermindering van R29 miljoen in die verlies op die omskakeling van buitelandse bank balanse, gedeeltelik geneutraliseer deur hoër gemiddelde bedryfskapitaalbehoeftes weens hoër kommoditeitspryse en die baie later somerseisoenverkope aan die landbou weens die ongewone laat reëns in Suid-Afrika. Belasting het toegeneem tot R151 miljoen (2010: R51 miljoen) met 'n effektiewe belastingkoers van 25% (2010: 47%).

Totale bates het met 21.5% toegeneem vanaf R5 187 miljoen tot R6 304 miljoen weens verhoogde kapitaalspandering aan die nuwe Salpetersuurkompleks en hoër vlakke van bedryfskapitaal. Eiendom, aanleg en toerusting het met R643 miljoen toegeneem tot R1 938 miljoen, hoofsaaklik weens die R546 miljoen wat op die nuwe Salpetersuurkompleks spandeer is.

Voorraad het met 13% toegeneem vanaf R1 315 miljoen tot R1 488 miljoen weens hoër eenheidskoste wat gevolg het op hoër kommoditeitspryse in ons Landbou-afdeling en hoër fisiese voorraadvlakke in die Landbou-afdeling in vergelyking met die ongewone lae fisiese vlakke aan die einde van die vorige jaar. Handels- en ander debiteure het met 26% toegeneem vanaf R1 365 miljoen tot R1 722 miljoen, as gevolg van die baie laat landbou somerseisoenverkope wat gelei het tot 'n hoër as normale vlak van die Landbou-afdeling se handelsdebiteure, laat ontvangs van 'n VS dollar 12 miljoen debiteur en 'n vooruitbetaling van VS dollar 22,5 miljoen wat vroeër as gewoonlik gemaak om die beskikbaarheid van produk vir 'n kunsmistender te beveilig.

Ekwiteit het met 69% toegeneem vanaf R1 973 miljoen tot R3 338 miljoen as gevolg van die netto opbrengs van die regte-uitgif ten bedrae van R971 miljoen wat op 14 September 2010 ontvang is, behoue verdienste vir die huidige jaar ten bedrae van R448 miljoen, wat gedeeltelik geneutraliseer deur 'n R67 miljoen afname in die valuta-omrekeningsreserwe weens die impak van die sterk rand op ons VS dollar gedenomineerde ekwiteit.

Kontant aangewend tot bedrywighede was R109 miljoen in vergelyking met kontant gegenereer uit bedrywighede van R1 045 miljoen in die vorige jaar, hoofsaaklik as gevolg van veranderinge in kontantvloei toeskryfbaar aan bedryfskapitaal wat gedeeltelik geneutraliseer is deur 'n beter kontantvloei gegenereer uit bedryfswins. In die vorige jaar het bedryfskapitaal verminder met R805 miljoen, hoofsaaklik weens 'n vermindering in voorraad. Bedryfskapitaal het hierdie jaar met R755 miljoen toegeneem as gevolg van beide hoër voorraad en debiteure asook laer krediteure. Voorraad het toegeneem weens die hoër eenheidskoste wat veroorsaak is deur hoër kommoditeitspryse en 'n normalisering van die fisiese voorraadvlakke in die Landbou-afdeling. Kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite het met R317 miljoen toegeneem tot R783 miljoen (2010: R466 miljoen) hoofsaaklik as gevolg van kapitaalbesteding aan die Salpetersuurkompleks. Met inagneming van die kontantinvloei uit finansieringsaktiwiteite van R852 miljoen (2010: R180 miljoen) waarvan die regte-uitgif R971 miljoen bydgedra het, was daar 'n netto kontantuitvloei van R40 miljoen (2010: R719 miljoen invloei).

Die jaar het geëindig met 'n baie sterk balansstaat met netto skuld van R342 miljoen (2010: R404 miljoen) en 'n skuld:ekwiteitsverhouding van 10% (2010: 20%). Wanneer die netto skuld van R342 miljoen oorweeg word, moet dit in gedagte gehou word dat kapitaalbesteding aan die Salpetersuurkompleks tot op datum R621 miljoen beloop het in vergelyking met die R971 miljoen ekwiteit wat vir die doel verkry is. Die balans van R350 miljoen is tydelik aangewend om korttermyn skuld te delg en dit sal aangewend word om kapitaalbesteding aan die Salpetersuurkompleks te befonds in 2012.

**BEDRYFSOORSIG**
**Chemikalieë**
Protea Chemicals, wat aktief is regdeur suidelike en oostelike Afrika, is 'n goed gevestigde vervaardiger en verspreider van spesialiteits-, funksionele en effekchemikalieë en polimere, met 'n gevestigde teenwoordigheid in elke sektor van die breër chemiese verspreidingsmark. Dit is onlangs aangewys as die 13de grootste chemiese verspreidingsmaatskappy in 'n wêreldwye opname deur die gerespekteerde bedryfsjoernaal, ICIS Chemical Business.

Inkomste het met 3% afgeneem tot R3 596 miljoen (2010: R3 714 miljoen), aangesien volumes konstant gebly het en daar 'n klein afname in verkoopspryse was namate stygings in internasionale kommoditeitspryse onvoldoende was om die sterk rand te neutraliseer. Bruto wins het op 'n jaargrondslag afgeneem en met oorhoofse kostes wat redelik konstant in vergelyking met die vorige jaar gebly het, as gevolg van die toepassing van kosteverlagingmaatreëls, het bedryfswins gedaal met 58% tot R64 miljoen (2010: R152 miljoen). Die bedryfsmarge het tot 'n onaanvaarbare lae 1.8% (2010: 4.1%) afgeneem. Netto bedryfskapitaal het marginaal verminder tot R252 miljoen (2010: R264 miljoen).

**Mynbou**
Die Mynbou-afdeling bied 'n wye verskeidenheid van dienste aan die mynbedryf deur BME en Protea Mining Chemicals. BME, wat aktief is regoor Afrika, is 'n markleier in vermengde massaplofstofformulerings vir die oopgroefmynbou-industrie, produseer elektroniese vertragingsontstekers en skokbuisontstekingstelsels en vervaardig verpakte plofstowwe vir ondergrondse mynbou en gespesialiseerde bogrondse skietwerk. Die maatskappy voeg waarde tot sy produkte toe deur middel van sy wêreld-klas skietwerk adviesdienste deur gebruik te maak van sy unieke inhuis onwikkelde BlastMap sagteware-oplossing, wat aan kliënte ondersteuning en advies van kundiges in die bedryf en hoogs gekwalifiseerde myningenieurs bied. Protea Mining Chemicals, aktief in suidelike Afrika, bied toegevoegde waarde dienste om sy wye verskeidenheid chemiese produkte te komplimenteer. Dit sluit in aanbiedinge soos Protea Process™, 'n omvattende diens wat betrekking het op die hantering, logistiek en op aanleg-formulering van chemikalieë vir sy kliënte.

Inkomste het toegeneem met 18% tot R2 092 miljoen (2010: R1 776 miljoen) gesteun deur sterk volume-groei en 'n styging in kommoditeitspryse. Veral die Suid-Afrikaanse bedryf het strek groei getoon. Streng kostebestuur in die afdeling het die operasionle hefboom wesentlik verbeter wat gelei het tot 'n 47% toename in die bedryfswins tot R311 miljoen (2010: R212 miljoen) met 'n gevolglike toename in die bedryfswinsmarge vanaf 11.9% tot 14.9%.

Gedurende die afgelope paar jaar het BME daaarop gekonsentreer om tekortkominge in sy totale produk aanbieding aan te spreek. Tradisioneel was die besigheid se swak punt 'n gebrek aan die regte mandjie produkte wat aan die ondergrondse mynbousektor voorsien is. Na in bedryfstelling van die skokbuisaanleg ('n gevorderde onstekingsproduk) het die mark die produk verwelkom en verkope neem steeds toe. BME het ook belê in die navorsing en ontwikkeling van 'n nuwe generasie elektroniese slagdoppies. Die produk is gebruikersvriendelik, akkuraat en dra by tot die vermindering van mynboukostes. Daar word verwag dat verkope van hierdie produk sal styg in die komende jaar.

Protea Mining Chemicals het hoër volumes behaal, maar laer verkoopspryse het tot 'n marginale toename in wins gelei. Verwagte groei word steeds beïnvloed deur vertragings by 'n aantal kliënte se uitbreidingsprojekte, veral dié in die uraanbedryf.

**Landbou**
Omnia se Landbou-afdeling, die markleier in suidelike Afrika, bestaan uit Omnia Kunsmis en Omnia Spesialiteite. Die afdeling produseer korrel-, vloeibare- en spesialiteitskunsmis vir 'n breë basis van kliënte bestaande uit boere, koöperasies en groothandelaars regdeur suidelike en Oos-Afrika, Australasië en Brasilië. Omnia Spesialiteite voer sy produkte tot meet as 30 lande in Europa, Suid-Amerika en Asië uit.

Inkomste het toegeneem met 10% tot R3 680 miljoen (2010: R3 337 miljoen) gesteun deur hoër kommoditeitspryse en effens hoër volumes. Bedryfswins beloop R312 miljoen (2010: R85 miljoen verlies). Indien verlede jaar se bedryfsverlies vir die abnormale R350 miljoen afskrywing van voorraad aangepas word, verteenwoordig hierdie jaar se bedryfswins van R312 miljoen nog steeds 'n 18% verhoging op verlede jaar se aangepaste bedryfswins van R265 miljoen. Dit is bereik deur 'n kombinasie van hoër kommoditeitspryse, hoër volumes en streng beheer van oorhoofse kostes, geneutraliseer deur 'n mate van verlies in marge. Die verlies in marge is grootliks veroorsaak deur verhoogde insetkostes toegeskryfbaar aan die aankoop van duurder stikstofprodukte, namate meer salpetersuurproduksiekapasiteit benut is om aan BME se volume-groei te voorsien.

In die jaar onder oorsig het belangrike spelers in die kunsmisbedryf in Afrika hul bedrywighede geherstruktureer, wat fundamentele veranderinge in die sektor veroorsaak het. Gelukkig is hierdie veranderinge voorsien en die afdeling was gevolglik goed geplaas om munt te slaan uit die herstruktureringsproses, wat bygedra het tot die hoër volumes en bedryfswins.

Konstruksie van die nuwe Salpetersuurkompleks verloop volgens plan. Die Fosfaat-aanleg op Phokeng is onder versorging en instandhouding geplaas.

Die klag van samespanning teen Omnia Kunsmis deur die Mededingingskommissie, wat in vorige jaarverslae genoem is, is afgewys in 'n uistpraak deur die Mededingingsappèlhof. Die Mededingingskommissie het by die Mededingingsappèlhof aansoek gedoen om verlof tot appèl teen die uitspraak.

**VOORUITSIGTE**
Die makro-omgewing vir die volgende jaar lyk meer belowend, maar dit sal sterk beïnvloed word deur die beweging van die rand. Daar word verwag dat rentekoerse redelik konstant sal bly vir die grootste deel van volgende jaar, terwyl inflasie na verwagting sal begin styg, wat ons oorhoofse kostes sal beïnvloed. Die toename in die petrolprys is veral kommerwekkend gegewe ons aansienlike besteding aan vervoer.

Daar word verwag dat die Chemikalie-afdeling hul prestasie sal verbeter in die jaar wat voorlê deur 'n hernude fokus op inkomste-groei deur middel van volume-groei en 'n verwagte groei in vervaardiging in Suid-Afrika. Die afdeling sal ook voordeel trek uit die herstrukturering van bokoste in 2011 en wat sal voortgaan in 2012.

Die Mynbou-afdeling sal na verwagting steeds voordeel trek uit die lewendige wêreldwye vraag na mynbou-kommoditeite met verdere volume groei wat verwag word vir die afdeling se hele produkreeks.

Die styging in landbouprodukpryse sal waarskynlik lei tot hoër aanplantings wat in kombinasie met stygende kommoditeitspryse en die veranderde dinamika in die kunsmisbedryf gunstige omstandighede voorspel vir die Lanbou-afdeling vir die volgende jaar.

**DIVIDENDE**
Aandeelhouers is in die 2010 jaarverslag in kennis gestel dat 'n dividend waarskynlik nie hierdie jaar verklaar sal word nie, in die lig van die aandele wat uitgereik is om die Salpetersuurkompleks te befonds. Die Raad is van mening dat dit omsigtig sal wees om kapitaal in stand te hou en aan te wend om die groot kapitaalprojekte in aanbou te befonds en het besluit om nie hierdie jaar 'n dividend te betaal nie. Die hervatting van 'n dividend vir die 2012 finansiële jaar sal deur die Raad oorweeg word.

NJ CROSSE
Voorsitter

RB HUMPHRIS
Groep besturende direkteur

NKH FITZ-GIBBON
Groep finansiële direkteur

Bryanston
22 Junie 2011

**Direkteure:**
NJ Crosse (Nie-uitvoerende voorsitter), FD Butler, NKH Fitz-Gibbon* (Groep finansiële direkteur), R Havenstein (Hoof nie-uitvoerende direkteur), HH Hickey, RB Humphris* (Groep besturende direkteur), Prof SS Loubser, Dr WT Marais, SW Mncwango, D Naidoo
*Uitvoerende direkteur

**Maatskappy sekretaris:**
CD Appollis

**Geregistreerde kantoor:**
1ste Verdieping, Omnia House,
Sloanestraat 13, Epsom Downs,
Bryanston, Sandton
Posbus 69888,Bryanston 2021
Telefoon (011) 709 8888

**Ouditeure:**
PricewaterhouseCoopers Ing.
Eglinweg 2, Sunninghill
Privaatsak X36, Sunninghill, 2157

**Oordragsekretarisse:**
Link Market Services South Africa (Edms) Bpk
8e Verdieping, Rennies House, Ameshoffstraat 19,
Braamfontien
Posbus 4844, Johannesburg 2000

**Borg:**
One Capital
Frickerweg 17, Illovo, 2196
Posbus 784573, Sandton, 2146

Protea Chemicals – A member of the Omnia Group
bme – A member of the Omnia Group
omnia NUTRIOLOGY • NUTRILOGIE

www.omnia.co.za